e-Nuwe Horison
Jesaja 58:8

"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."

11 Oktober 2026

DIE KAROO MEIRINGSPOORT

Openingsvraag:

Wat is die slegste iets wat geld kan koop?

Skriflesing

Ps 23: 4

1953

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

AMP

Yea, though I walk through the valley of the shadow of death, I will fear no evil: for thou art with me; Thy rod and thy staff they comfort me.

- *Die herder se stok bied beskerming, Sy staf bied leiding en ondersteuning.*
- *Êrens in jou lewe gaan hy deur poort of vallei, hoef jy niks te vrees nie.*
- *Die Here is met jou.*
- *Maak nie saak hoe dit om jou gaan nie, die Here trek voor ons.*
- *Jy moet die pad vertrou*

Volg jy die sterre of die wolke?

Ex 13:21-22

1953

21 En die Here het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek.

22 Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags voor die volk gewyk nie.

AMP

21 And the LORD went before them by day in a pillar of a cloud, to lead them the way; and by night in a pillar of fire, to give them light; to go by day and night:

22 he took not away the pillar of the cloud by day, nor the pillar of fire by night, from before the people.

- *Dit maak nie sin nie.*
- *Volg ons die wolke (menslike opinies) of die sterre (God se leiding)*
- *Die wolk het nie vaste patroon nie. Ons wil weet waarheen ons gaan, net God weet.*
- *Mense volg mens, ipv die Here volg*

1. STAP – Halak

Halak (הָלַךְ): om te loop, te gaan of te wandel. Dit word ook in Bybelse taal gebruik om iemand se lewenswandel te beskryf.

Die Boodskap

Ps 23:4 – *"Selfs wanneer die lewe vir my so donker word dat ek nie weet watter kant toe nie, sal ek nie bang wees dat probleme my onderkry nie, want U is altyd by my. Dit troos my dat U my lei en beskerm. U laat my veilig voel."*

Gen 3:8

1953

En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin.

AMP

And they heard the voice of the LORD God walking in the garden in the cool of the day: and Adam and his wife hid themselves from the presence of the LORD God amongst the trees of the garden.

- *Halak Stap met 'n doel. Ons gaan nie uitkamp in die dal van doodskaduwee nie.*

Gen 7:18-19

1953

18 En die waters het die oorhand gekry en grootliks vermeerder op die aarde, terwyl die ark op die waters drywe.

19 En die waters het heeltemal die oorhand gekry op die aarde, sodat al die hoë berge onder die ganse hemel bedek was.

AMP

18 And the waters prevailed, and were increased greatly upon the earth; and the ark went upon the face of the waters.

19 And the waters prevailed exceedingly upon the earth; and all the high hills, that were under the whole heaven, were covered.

- *Ons stap bo ons omstandighede.*
- *Halak Gaan voort. Gaan deur die dal.*
- *Jy gaan nie verdrink nie.*

Gen 22:2-6

1953

2 Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

3 Daarop het Abraham die môre vroeg klaargemaak en sy esel opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Isak saam met hom geneem; en hy het hout gekloof vir 'n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat God hom aangewys het.

4 Op die derde dag toe slaan Abraham sy oë op en sien die plek van ver af.

5 En Abraham sê aan sy dienaars: Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.

6 En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. So het hulle twee dan saam geloop.

AMP

2 And he said, Take now thy son, thine only son Isaac, whom thou lovest, and get thee into the land of Moriah; and offer him there for a burnt offering upon one of the mountains which I will tell thee of.

3 And Abraham rose up early in the morning, and saddled his ass, and took two of his young men with him, and Isaac his son, and clave the wood for the burnt offering, and rose up, and went unto the place of which God had told him.

4 Then on the third day Abraham lifted up his eyes, and saw the place afar off.

5 And Abraham said unto his young men, Abide ye here with the ass; and I and the lad will go yonder and worship, and come again to you.

6 And Abraham took the wood of the burnt offering, and laid it upon Isaac his son; and he took the fire in his hand, and a knife; and they went both of them together.

- *Halak Stap in geloof.*
- *Die dal is daar om te voorsien. Stap in geloof. Ten spyte van jou omstandighede.*
- *God het ons nie geroep om in die dal te bly nie – ons gaan deur die dal. Geen onheil sal ons tref nie*
- *Stap doelgerig.*

2. STOK – Shèbet

Shèbet (שֵׁבֶט)

Staf is ’n simbool van gesag, leiding en heerskappy.

Spr 29:15

1953

Die roede en die bestraffing gee wysheid; maar 'n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande.

AMP

The rod and reproof give wisdom: But a child left to himself bringeth his mother to shame.

- *God wil ons nie vernietig nie, Hy wil ons dissiplineer.*
- *God het vir Jona getugtig want hy was ongehoorsaam en wou nie na Ninevé gaan nie.*
- *God tugtig ons wanneer ons nie ons skeppingsdoel uitleef nie.*

Spr 3:11-12

1953

11 My seun, verag die tug van die Here nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie,

12want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het.

DIE BOODSKAP

11 Soms ervaar jy hartseer en teleurstelling. Soms is jy kwaad vir die Here. Moet Hom egter nooit in jou woede vloek of verwyt nie. Soos ’n goeie pa soms met sy geliefde seun raas, so maak die Here ook met ons.

12 Hy raas met ons omdat Hy ons so baie liefhet. So help Hy ons om met nog groter wysheid en vreugde te leef.

AMP

11 My son, despise not the chastening of the LORD; Neither be weary of his correction:

12 For whom the LORD loveth he correcteth; Even as a father the son in whom he delighteth.

3. STAF

Matteh — מַטֶּה

Omgee, vertroos

Ps 18:35-36

1953

35 Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms 'n koperboog span.

36 Ook het U my die skild van u uitredding gegee, en u regterhand het my ondersteun, en u neerbuigende goedheid het my groot gemaak.

AMP

35 Thou hast also given me the shield of thy salvation: And thy right hand hath holden me up, and thy gentleness hath made me great.

36Thou hast enlarged my steps under me, That my feet did not slip.

- *U neerbuigende goedheid het my groot gemaak. U hulp maak my sterk*

Ps 121:1-4

1953

Op pad.

1 'n BEDEVAARTSLIED. Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?

2 My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

3 Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou Bewaarder kan nie sluimer nie.

4 Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.

DIE BOODSKAP

Die lied is geskryf vir mense wat Jerusalem toe gekom het om die Here te dien

1 Ek soek oral rondom my na iemand om my te help. Ek wonder dan: “Wie sal my nou regtig help?”

2 Die Here sal my help. Hy het alles in die wêreld gemaak.

3 Jy sal niks oorkom nie. God pas jou op. Hy sal nie aan die slaap raak as Hy jou moet oppas nie.

4 Hy pas al sy kinders op. Hy slaap nooit. Daarom sal Hy nie vergeet om jou te help nie.

AMP

A Song of degrees.

1 I will lift up mine eyes unto the hills, From whence cometh my help.

2 My help cometh from the LORD, Which made heaven and earth.

3 He will not suffer thy foot to be moved: He that keepeth thee will not slumber.

4 Behold, he that keepeth Israel Shall neither slumber nor sleep.

- *Hoe gaan ek hier oor kom?*
- *God sal my help, Hy sal my nie vergeet nie.*
- *In die dal van doodskaduwee is ons bang.*
- *Ons God sluimer en slaap nie, want Hy is altyd daar. Hy los my nooit alleen nie.*

Belofte

Ex 14:14-16

1953

14 Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees.

15 Toe vra die Here vir Moses: Wat roep jy na My? Sê aan die kinders van Israel dat hulle moet wegtrek.

16 En jy, hef jou staf op en steek jou hand uit oor die see en kloof dit, sodat die kinders van Israel dwarsdeur die see op droë grond kan trek.

AMP

14 The LORD shall fight for you, and ye shall hold your peace.

15 And the LORD said unto Moses, Wherefore criest thou unto me? speak unto the children of Israel, that they go forward:

16 but lift thou up thy rod, and stretch out thine hand over the sea, and divide it: and the children of Israel shall go on dry ground through the midst of the sea.

- *Al is God stil. Hy sal ons nooit vergeet nie. Hy doen dit ordentlik ons stap op droë grond deur*
- *Waarom twyfel ek? Hoekom wil ek nie loop nie?*
- *Vat hom stappie vir stappie.*
- *Dis tyd om te stap. Dis tyd om te loop.*

Dis tyd om te stap. Dis tyd om te loop

Moenie opgee nie!